Wes-Kaapse Regering
Onderwys

2021 The Year of Values-driven Leadership
Enhancing functional schools

WKOD transformeer om te presteer

VRAE WAT GEREELD GEVRA WORD OOR DIE INGESTELDHEID VIR GROEI (IG)-INTERVENSIE

1 GAAN AL DIE SKOLE WAT VIR DIE 2022 IG-INTERVENSIEPROSES GEÏDENTIFISEER IS ORIËNTERING ONTVANG?

Ja, dit is uiters belangrik dat alle skole oriëntering ontvang en die intervensieproses as ’n geheel verstaan. Beide die provinsiale IG-projekbestuurder en die distrikspan sal die aanlynsessies fasiliteer. Alle skole sal ’n amptelike verklaring via Registry ontvang wat deur die Superintendent-generaal (SG) onderteken is. Alle telefoniese oproepe aan skole sal ook deur ’n e-pos opgevolg word.

2 IS DIE 2022 IG-INTERVENSIE SLEGS VIR DIE 30 GEÏDENTIFISEERDE SKOLE WAT DEUR DIE SG GEMAGTIG IS?

Ja, die werkomvang vir die opleiding is om teen 2025 al 1.1 miljoen leerders te bereik. Alle skole sal by die IG-intervensie ingesluit word. Ons kan slegs 240 skole per jaar akkommodeer (30 per distrik).

3 WAT WORD VAN SKOLE VERWAG WAT DEEL IS VAN DIE IG-INTERVENSIE?

Voltooi die IG se e-Plakkate:

- e-Plakkaat 1: Graad 4 tot 9 (Voltooi die generiese basislynassessering wat uit vier vrae bestaan, die Wiskunde-assessering wat uit vyf vrae bestaan, kyk twee video’s en voltooi die aktiwiteite en konsolidasie aktiwiteite tussen Maart en April 2022.)
- e-Plakkaat 1: Graad 12 (Voltooi die generiese basislynassessering wat uit vier vrae bestaan, kyk twee video’s en voltooi die aktiwiteite en konsolidasie aktiwiteite tussen Maart en April 2022.)
- e-Plakkaat 2: Graad 4 tot 9 en graad 12 (Kyk twee video’s en voltooi die aktiwiteite en konsolidasie aktiwiteite tussen Mei en Junie 2022.)
- e-Plakkaat 3: Graad 4 tot 9 (Voltooi die generiese basislynassessering wat uit vier vrae bestaan, die Wiskunde-assessering wat uit vyf vrae bestaan, kyk een video en voltooi die aktiwiteite en konsolidasie aktiwiteite tussen Julie en Augustus 2022.))
- e-Plakkaat 3: Graad 12 (Voltooi die generiese basislynassessering wat uit vier vrae bestaan, kyk een video en voltooi die aktiwiteite en konsolidasie aktiwiteite tussen Julie en Augustus 2022.).
- Elke e-Plakkaat neem 45 minute om te voltooi. Slegs 3 x 45 minute sessies vir die jaar.

4 WORD AL DIE VRAE IN DIE BASISLYNVRAELYSTE VOLGENS DIE GEDRAG/ HOUDING VAN DIE LEERDER OPGESTEL?

Ja, beide vraelyste is saamgestel om die gedrag/houding/ingesteldheid van die leerder te assesseer en nie die bevoegheid van die leerder in Wiskunde nie. Ons moet toesien dat leerders 'n positiewe lewensuitkyk kweek. Deur aan die IG-intervensie deel te neem, kan leerders meer veerkragtig en vasberade word, buiten om meer uitdagings deur selfgerigte en onafhanklike leer aan te pak. Meer as ooit tevore is houding, positiewe ingesteldheid en veerkragtigheid nodig om die bykomende spanning en druk te hanteer wat met die impak van die COVID-19-pandemie gepaard gaan. Leerders moet moeilike take aanpak. Ons moet 'n uitwerking h op die neurowetenskappe van leer ten einde 'n sistemiese uitwerking te bewerkstellig. Leerders moet leer anders benader.

5 MOET ALLE LEERDERS DIE BASISLYN- EN EINDASSESSERING (GENERIES EN WISKUNDE) DOEN, TESAME MET DIE RES VAN DIE AKTIWITEITE WAT DIE KYK VAN DIE VIDEO'S INSLUIT?

Ja, alle graad 4- tot 9-leerders moet beide assesserings en ander tersaaklike aktiwiteite voltooi. Graad 12-leerders moet slegs die algemene basislynassessering en die ander tersaaklike aktiwiteite voltooi.

6 MOET DIE ASSESSERING AANLYN OF IN DRUKSTUKFORMAAT GEDOEN WORD?

Slegs aanlyn. As 'n skool sou verkies om dit eerste in drukstukformaat te doen, is dit die skool se verantwoordelikheid om dit daarna aanlyn by te werk. Die status van die verbinding sal mettertyd met al die skole gedeel word wat die LAN en verskillende toestelle sal aandui wat by die skool beskikbaar sal wees. Indien skole probleme met die verbinding ondervind, moet hulle dit by die HULPTOONBANK aanmeld by 021 483 4800.

7 WAAR MOET DIE TOESTEMMINGSBRIEWE BEWAAR WORD?

Voor die intervensie begin, moet alle toestemmingsvorms wat op leerders van 12 jaar en jonger van toepassing is, volgens die veilige bewaringsprotokolle by skole bewaar word.

8 MET WIE MOET SKOLE IN VERBINDING TREE OM VERDERE BYSTAND TE ONTVANG?

Distrik se IG-kampioene:		
Metro-Suid:	Brynn Mc Donald	021 370 2000
Metro-Sentraal:	Irma Du Toit	021 514 6703
Metro-Noord:	Gwen Fisher	021 938 3000
Metro-Oos:	Melissa Luckhoff	023 348 4601
Overberg:	Annelien Crous	028 214 7300
Cape Winelands:	Janine Ontong	023 348 460
Weskus:	Nathan Erasmus	021 860 1200
Eden en Sentrale Karoo:	Granville Petersen	044 803 8300
Assistent by Hoofkantoor:	Done Alard-Gilton	021 467 2641
Hoofkantoor: Provinsiale projekbestuurder vir Ingesteldheid vir Groei (IG)	Noleen Dodgen	021 467 9321